



Uppie Marketing A110119

« **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie** »



GroenGoud® 30



Naam:

GroenGoud®, in Engels: **GreenGold®**

Eienskappe (Wat):

- 'n Droë kunsmis wat 'n wenkombinasie van 30% Stikstof (N), 9,6% Kalsium (Ca) en 0,16% Boor (B) bevat.
- Die N in die nitraatvorm gee 'n vinnige reaksie terwyl die amien-vorm 'n langer reaksie gee, terwyl die Ca en B hoogs plantopneembaar is vir onmiddellike reaksie.
- **GroenGoud®** is met **Agrotain®**, 'n urease inhibeerder behandel om potensiële stikstofvervlugtingsverliese byna weglaatbaar klein te maak.

Voordele (Hoekom):

- 100% van die N kan na hidrolise aan die klei adsorbeer en is minder onderhewig aan loging.
- Na hidrolise, is 100% in die ammonium-N-vorm vir gewasse beskikbaar.
- Die nitraatstikstof is onmiddellik plantbeskikbaar en gee 'n vinnige plantreaksie na toediening.
- Verhoogde effektiwiteit bring kostebesparing en moontlike hoër opbrengs mee wat winsgewendheid verhoog.
- Ca bevorder nitraatopname en daar is ook sinergie tussen Ca en B in die plant.
- Ca is deel van selwande en ook betrokke by seldeling en -verlenging en dus algemene groei, maar ook veral by wortelontwikkeling.
- B speel 'n belangrike rol by bestuiwing en bevrugting en is uiters belangrik gedurende die graanvulstadium.
- Konsentrasie nog steeds hoër as die meeste ander stikstofbronne wat besparing op vervoerkoste meebring.
- Stikstof, kalsium en boor met al hulle voordele, in net een toediening.

Gebruike (Waar):

- Word gebruik waar stikstof, kalsium en boor nodig word. Hierdie tekorte kom veral op sandgronde laag in organiese materiaal voor.
- Is ook geskik vir gebruik onder minimum- en geen-bewerkingspraktyke (no-till).
- Buiten graangewasse is **GroenGoud®** uiters geskik vir groente en vrugte en kan ook met groot sukses as bo-bemesting op sonneblom en weidings gebruik word.

Toediening (Hoe):

- Kan voor-plant, met plant (in kunsmismengsels) en na-plant (as bo-bemesting) toegedien word.
- Kan indien nodig bo-op die grond toegedien word.